# A N PELZER, 1915—1981

**F J du T Spies**
*Universiteit van Pretoria*

Waar ek teenwoordig was toe prof Pelzer op sy eie voortreflike wyse die lewe en betekenis van sy voorganger as professor in Geskiedenis, prof. I D Bosman, in oënskou geneem het, daar is dit met huiwering dat ek hier oor hom, my voorganger as professor in Geskiedenis, probeer skryf.*

Vooraf enkele besonderhede oor eerste kennismaking en persoonlike indrukke. Ek het hom in Nederland ontmoet, waar hy net soos ek student was, ek in Geskiedenis aan die Universiteit van Leiden, hy in Opvoedkunde aan die Vrije Universiteit van Amsterdam. Ons het mekaar in hierdie studentejare maar min gesien, en altyd in geselskap van ander studente wanneer daar een of ander saamtrek van Afrikaners voorgekom het. Toevallig was ons saam op 'n vakansie-uitstappie, ook saam met enkele ander Afrikaners, en wel na Parys. Ons het saam die stad verken en na die besienswaardighede gaan kyk. Ek herinner my dat ons saam die Eiffeltoring bestyg het — ek het 'n foto om dit te bewys. Sedertdien het ons afgedaal na die werklikheid.

Hy het hom met voorbeeldige ywer aan sy studie gewy. Ek het kennis gedra van sy proefskrif en ek herinner my dat ek 'n paar keer in sy kamer in Amsterdam was. Op sy lessenaar het daar 'n foto van 'n baie mooi meisie gestaan, waaroor hy nie wou uitgewy het nie. Dan was daar die geleentheid toe ons Afrikaners 'n rugbyspan saamgestel het en teen die studente van Delft gaan speel het. So het ons vir Suid-Afrika gespeel. Ons het hulle ook gewen, hoewel ons daardie aand tydens die geselligheid die onderspit gedelf het.

Toe ons met die uitbreek van die oorlog moes besluit of ons sal probeer huis toe gaan of aanbly, was ons albei onder dié wat besluit het om te bly. Met die inval in Nederland op 10 Mei 1940 het hy op die nippertjie uitgewyk. Later het hy met sy kenmerkende humorsin vertel wat gebeur het. Hulle het eers met 'n skip na Engeland uitgewyk en later na Suid-Afrika.

Adriaan Nicolaas Petrus Pelzer (die Petrus en die P vir Petrus het hy as onnodig oorboord gegooi en nie in sy handtekening gebruik nie) is op 25 Desember 1915 op Ermelo, Transvaal, gebore. Sy ouers was boere. Hy ontvang sy skoolopleiding op Ermelo waar hy in 1932 gematrikuleer het. Hierna word hy student aan die Universiteit van Pretoria waar hy in 1935 die BA-graad (Geskiedenis (met lof) en Afrikaans) en in 1937 HOD en MA in Geskiedenis (albei met lof) behaal.

Hy het in die Sonop-koshuis tereg gekom. Jare later het hy smaaklik vertel van die ontgroening, "dit was hel op aarde, maak geen fout nie" en later die voldoening om as volwaardige lid van die tehuis opgeneem te word. "Dit het vir my my hele lewe lank bygebly", het hy vertel. In 1933 was hulle 12 eerstejaars in Sonop en 42 seniors. Baie gou het hulle almal by name geken, dit in vergelyking met die huidige tyd waar die enkeling in die massa verdwyn. Hy het daar in 'n uitgesproke Afrikaanse samelewing tereg gekom en dit het hom 'n uitgesproke Alfrikaner sy hele lewe lank gemaak. "Sonop het vir my geweldig veel beteken" vertel hy. Veral die toenmalige huisvoor-

*Lesing as ereprofessor gehou voor die Departement Geskiedenis, Universiteit van Pretoria, April 1985

sitter, Andries van Staden "het 'n groter invloed op my lewe uitgeoefen as enige van die professore".

Na sy MA-graad vertrek hy na Nederland, sy MA-verhandeling, *Die Armblanke-verskynsel in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1882—1899*, vertolk reeds sy voorliefde vir sosiale verskynsels in die Geskiedenis. Tog het hy aan die Vrije Universiteit in die Opvoedkunde onder prof J Waterink gaan studeer. Daar lê hy in Junie 1939 die doktorale eksamen met lof af, hoofvak: Geskiedenis van die Onderwys en Algemene Pedagogie, byvakke: Pedelogie en Sosiologie. Sy proefskrif was pas klaar en die promosiedatum, 24 Mei 1940, reeds bepaal, toe die Duitse inval in Nederland op 10 Mei plaasgevind het. Soos reeds gemeld, slaag hy daarin om Nederland in dié dae te verlaat en via Engeland na Suid-Afrika terug te keer. Sy doktorsgraad in die Opvoedkunde, D.Phil, verkry hy toe in April 1941 aan die Universiteit van Pretoria op die proefskrif wat hy in Nederland voorberei het, naamlik: *Die reëlings vir en die organisasie van die Laer, Middelbare en Voorbereidend-Hoër Onderwys in Nederland met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika.*

Enkele maande later, op 28 Junie 1941, tree dr Pelzer in die huwelik met Reinette Denyssen van Pretoria. Op hierdie stadium was hy onderwyser aan die Hoërskool Vereeniging, van Augustus 1940 tot Desember 1941. Uit die huwelik is twee dogters en 'n seun gebore.

Met ingang 1 Januarie 1942 word hy aangestel as lektor in die departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria en in Augustus 1946 bevorder tot senior lektor in die plek van J A I Agar-Hamilton wat reeds van 1940 af in militêre diens was en daarna bedank het. Onder die nagelate stukke van prof Pelzer is daar 'n brief waarin prof I D Bosman, die toenmalige hoof van die departement Geskiedenis, hom vra om vir die pos aansoek te doen.

Hoewel hy in die Opvoedkunde gepromoveer het, het hy intussen heeltemal in die vak Geskiedenis opgegaan. Terwyl hy nog onderwyser was, het hy 'n reeks pamflette, gebaseer op die standard 6 Geskiedenis-leerplan, uitgegee en ook radiopraatjies uitgesaai. Ook het hy bygedra tot 'n reeks kort biografieë vir 'n Kaapse uitgewer in die vorm van twee kort publikasies, *Jan van Riebeeck, 1618—1677* en *Die Portugese Baanbrekers*, wat in 1944 verskyn het.

Na die oorlye van prof I D Bosman in Maart 1947 is dr Pelzer op die ouderdom van 32 jaar van 1 Junie 1947 af as professor in die departement Geskiedenis aangestel. Intussen het hy uitgebreide navorsing in die ou Transvaalse geskiedenis onderneem vir 'n groots opgesette werk, waarvan die manuskrip van die eerste deel gereed was toe sy aanstelling as professor oorweeg is. Oor die aard van hierdie werk het hy soos volg verslag gedoen: "Ek beskou dit ... as my taak om aan die Geskiedenis 'n nuwe interpretasie te verleen en in die verband die ontwikkelingsgang van die Transvaalse Geskiedenis oor die hele tydvak aan te dui. Die politieke of staatkundige geskiedenis sal minder sterk op die voorgrond staan, hoewel dit altyd 'n noodsaaklike agtergrond sal bly. Terwyl die ontwikkeling van die mens — die eenvoudige Boer — sy eie ontwikkeling en aandeel in die algemene ontwikkeling van die Boerestaat, die hooftema sal bly". Prof S P Engelbrecht het 'n insae in die manuskrip gekry en baie gunstig daaroor getuig in 'n brief aan die destydse dekaan, prof C H Rautenbach. Hy noem dit "die eerste poging van sy soort en kan vergelyk word met Busken Huet se 'Land van Rembrandt' of Jan Romein se 'De Lage Landen bij de Zee' ... en ek verklaar volmondig dat as hy op hierdie wyse aangaan en bly studeer, hy 'n sieraad sal wees onder ons geskiedkundiges".

Hierdie voortreflike werk, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel 1, Wordingsjare*, het in 1950 verskyn. Prof D W Krüger het soos volg daaroor geskryf: "Ek het lankal gewag op so 'n werk, wat minder beskrywend en meer analities is", en prof H B Thom: "Dis 'n mooi prestasie en u moet tog seker op daardie weg voortgaan ... en ek voel u is daarmee op die bodem met u kalm en weloorwoë oordeel". Ongelukkig het dit by hierdie werk gebly. Weens steeds toenemende administratiewe werksaamhede, onder andere as dekaan en akademiese registrateur en, ondanks vergevorderde navorsing mettertyd voltooi is, het die voortsetting van hierdie publikasie in die slag gebly. Hy het nog in 1953 navorsing in Bloemfontein gedoen en in 1963 tydens 'n besoek oorsee, in die argiewe van Lissabon, Londen en Den Haag, maar deel 2 en 'n moontlike deel 3 het nooit verskyn nie.

Hy het die Transvaalse argief goed leer ken. "Van die dokumente se nommers het ek aantekeninge gemaak", skryf hy in sy aansoek om die professoraat, "met die oog daarop om dit as 'n aanvullende publikasie die lig te laat sien". Hy het ook 'n ander publikasie beplan waarvoor hy reeds navorsing gedoen het, oor sekere kort temas uit die Transvaalse geskiedenis, byvoorbeeld: "Onderwys en Ontwikkeling, Kerk en Godsdiens, die Verhouding van Transvaal tot die buurstate ... besonderhede oor manne soos Bührmann, Smellekamp, Stuart en andere". Hiervan het egter ook niks gekom nie.

Hy was egter medeskrywer van verskillende werke, byvoorbeeld: 'n hoofstuk oor Kruger en Rhodes in *Die Geskiedenis van Suid-Afrika* deur Van der Walt, Wiid en Geyer, twee hoofstukke in 'n boek oor die Tweede Vryheidsoorlog onder redaksie van J H Breytenbach en die eerste gedeelte van die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum*, wat in 1960 verskyn het.

As dosent en departementshoof het prof Pelzer met besondere toewyding en sukses gewerk, soos talle oudstudente kan getuig. Hy het in sy departement 'n begin gemaak met 'n versameling historiese foto's, wat, indien daarmee volgehou kon geword het, tot 'n unieke versameling sou uitgegroei het. Sy verhouding tot sy kollegas was altyd vriendelik en inspirerend, hoewel hy so min moontlik in hulle werk ingemeng het en die akademiese vryheid hoog gehou het.

Buite die universiteit het hy 'n belangrike rol gespeel. In die begin het hy 'n aandeel gehad in die Voortrekkerbeweging, die Nasionale Jeugbond van Transvaal en gedien op die plaaslike bestuur van die Nasionale Party, maar na 1948 het hy nie verder aktief aan partysake deel gehad nie. Hy was lid van die Uitvoerende Komitee van die FAK en vanaf die instelling daarvan in 1949 lid van die Beheerkomitee van die Voortrekkermonument. In 1951 is hy na Hartenbos afgevaardig om daar onder die versameling van die Voortrekkergedenkfees artikels uit te soek vir die museum van die Voortrekkermonument. Aan die stad Pretoria het hy ook besondere dienste gelewer. Hy het 'n groot aandeel in die feesvierings van die 100ste verjaarsdag van die stad in 1955 gehad. Reeds voor die tyd is hy benoem op die komitee wat die Pretoriusstandbeelde voor die stadshuis gekeur het. As bestuurslid van die Krugergenootskap het hy 'n groot aandeel gehad in die verskuiwing van die Kruger-standbeeld van Stasieplein na Kerkplein. Ook het hy meegewerk aan die totstandkoming van die Helde-akker in die ou Begraafplaas. In 1948 was hy medestigter van die Genootskap Oud-Pretoria en het daarna vir 'n geruime tyd op die bestuur daarvan gedien. In 1956 was hy medestigter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en het tot 1970 op die hoofbestuur daarvan gedien, terwyl hy ook hoofredakteur van die blad *Historia* vir dieselfde tydperk was. Tot 1970 was hy vir nege jaar lid van die Historiese Monumentekommissie (tans die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede). Hy was ook lid van die Suid-

Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, voorsitter van die Geskiedeniskomitee van die FAK en lid van die Komitee vir die Restourasie van Slagvelde.

Enkele kere het die owerheid ook van sy dienste gebruik gemaak. In 1949 lê hy getuienis af voor die Kommissie van Ondersoek insake die historiese museumwese van Suid-Afrika. Dieselfde jaar dien hy op 'n tweemanskomitee aangaande die historiese agtergrond van die Unie-verdedigingsmag en die invoering van tradisionele militêre range, asook op 'n regeringskommissie vir die oprigting van 'n Buro vir Heraldiek. In 1960 dien hy op 'n kommissie van ondersoek na die museumwese van Pretoria en in 1964 doen hy in opdrag navorsing oor die gesindheid van die Blanke teenoor die Nie-blanke sedert 1652. In 1964 word hy lid van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing en ook van die Raad van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

Belangstelling in sport, meer in besonder rugby, het gelei tot 'n belangrike aandeel in die administrasie daarvan. Van aanvanklik afrigter van 'n koshuisspan het hy president van Tukkies se rugbyklub geword, veertien jaar lank van 1960 tot 1973. Van 1950 tot 1977 was hy ook vise-president en lid van die Uitvoerende Komitee van die Noord-Transvaalse Rugby-unie en van die begin van 1979 lewenslange vise-president daarvan. In opdrag het hy *Tukkiesport 1930—1980* geskryf, 'n publikasie wat na sy dood in 1982 verskyn het.

Blyke van erkenning het nie uitgebly nie; onder andere: 'n goue gedenkpenning van die burgemeester van Pretoria in 1954 vir sy aandeel aan die verskuiwing van die Krugerstandbeeld, 'n silwer penning vir sy aandeel aan die eeufeesviering van Pretoria in 1955, nog 'n goue gedenkpenning van die direksie van Slagvelde van Suid-Afrika vir sy aandeel aan hierdie werk en nog een van die Beheerraad van die Voortrekker-monument. In 1977 ontvang hy 'n besondere toekenning van die Bond van Oudstudente en in 1979 nog een van die FAK met die vyftigjarige bestaan van hierdie organisasie "vir die volgehoue bevordering van Afrikaner-geskiedeniskennis". Van die Sportkomitee van die Universiteit van Pretoria ontvang hy 'n toekenning "vir uitstaande diens aan Tukkiesport". Ook ontvang hy die ere-lidmaatskap van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria en van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede. Met die 50-jarige herdenking van die Universiteit van Pretoria, 10 Oktober 1980, is ook aan hom 'n eregraad, D.Litt, toegeken.

Maar prof Pelzer het die meeste diens aan die Universiteit self gelewer. Met slegs een jaar onderbreking dien hy van Oktober 1954 tot Maart 1970 as dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Van 1961 tot Junie 1970 dien hy as senaatsverteenwoordiger op die Universiteitsraad, ook op die Finansies en Eiendomskomitee, die Roosterkomitee en die Navorsingskomitee. Vir nege jaar dien hy namens die Universiteit van Pretoria op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en daarna vir drie jaar op die Komitee van Universiteitshoofde. Buite die Universiteit dien hy ook vir 'n korter of langer tyd op die universiteitsrade van die Randse Afrikaanse Universiteit vanaf 1956, die Universiteit van Suid-Afrika vanaf 1967, die Universiteit van Wes-Kaapland vanaf 1976, ook vir 'n kort tyd op die raad van Medunsa. Terwyl hy in 1963 met verlof in Londen was, het hy die Universiteit van Pretoria op die negende Vyfjaarlikse Kongres van Statebondsuniversiteite verteenwoordig.

Toe hy met ingang 1 Julie 1970 die pos van Hoof van die Akademiese Registrasie en Registrateur aanvaar het, het hy blykbaar afskeid geneem van verdere navorsing in sy vakgebied. Op dieselfde datum het sy voorganger in die pos, prof Hamman, rektor geword. Reeds in Februarie 1970 het prof Hamman hom per brief bedank dat hy die betrekking aanvaar het en daarby toegevoeg: "Daar lê baie interessante tye en toestande voor ... Dat u die liefde behou vir die studie, al sal dit grootliks na 'n ander

terrein verskuif, sal ons alma mater ten goede strek". Tog het dit prof Pelzer blykbaar moeilik geval om die doseerwerk en omgang met studente vaarwel te sê en was daar, altans in die beginjare, 'n mate van frustrasie by hom merkbaar. Maar soos hy homself nooit eerste gestel het nie, het hy hierdie taak en ook later die van vise-rektor met volle toewyding vervul.

"Ek het nie bepaalde opdragte as vise-rektor nie", het prof Pelzer by aanvaarding van hierdie pos in 'n onderhoud gesê. "Dis 'n amp wat met die jare sal uitkristalliseer. Die onmiddellike taak is om aan die Rektor hulp te verleen waar hy dit nodig ag". Dit was nie heeltemal die geval nie. Sy pligte is wel in 'n reglement uitgestippel, maar sy woorde vertolk die goeie, ongedwonge samewerking wat daar tussen hom en prof Hamman was.

Om te voorkom dat hy en prof Hamman aan die einde van 1980 tegelyk aftree wanneer albei die ouderdom van 65 sou bereik, en dat twee onervare persone dan die leiding van die Universiteit sal moet oorneem, het prof Pelzer besluit om vroegtydig, aan die einde van 1977, af te tree en sy bedanking daardie jaar ingedien. Sy bedanking is aanvaar, maar aangesien daar toe besluit is om 'n tweede vise-rektor te benoem, is hy vir 1978 in tydelik-voltydse hoedanigheid in die pos herbenoem en daarna weer vir 1979 en 1980. So het hy dan met bereiking van die aftreeleeftyd aan die einde van 1980 uit diens van die Universiteit getree.

Prof Pelzer sal onthou word vir sy innemende persoonlikheid, sy vermoë om met mense om te gaan, sy hardwerkendheid, sy buitengewone administratiewe bekwaamhede, sy vermoë om 'n saak te begryp en helder te beredeneer, iets wat telkens opval by die deurlees van die stukke van die Universiteit. Daarby was hy 'n geleentheidspreker soos min.

In Mei 1978, toe nog aangeneem is dat hy aan die einde van daardie jaar sou aftree, het mnr C H Cilliers aan hom voorgestel om sy "aftrede ... en lewensgeskiedenis in artikels weer te gee", waarskynlik in *Skakelblad*. Sy antwoord daarop werp 'n interessante lig op sy persoonlikheid. Hy het nie daarvoor kans gesien nie. "My eerste probleem", skryf hy, "is dat dit in die aard van my lewensfilosofie veranker lê om nie in terme van 'n 'lewensgeskiedenis' aan myself te dink nie ... ook gedurende my lewe met alles wat ek gedoen het was dit my opvatting dat ek doen wat my hand vind om te doen en dit so onopvallend moontlik".

Tog is dit jammer. "Ek dink nie ons studente is anders nie — trouens ons is almal anders — die generasie verskil — my ouderdomsgroep van veertig jaar gelede het anders gedink as wat ons vandag dink". Slegs hierdie aanhaling uit 'n onderhoud wat met hom gevoer is, wek die vermoede dat hy met sy begrip van sosiale omstandighede en sy bewustheid van die verloop van tyd, 'n interessante lig oor omstandighede van sy lewenstyd kon gegooi het.

In 'n later stadium het daar tog enkele publikasies van hom die lig gesien. In 1966 verskyn *Verwoerd aan die Woord, Toesprake 1948—1966*, 'n werk wat onder groot druk saamgestel is en waarvan ook 'n Engelse vertaling die lig gesien het. In 1979 verskyn *Die Afrikaner-Broederbond, eerste 50 jaar*. Albei werke is in opdrag geskryf. So ook 'n publikasie wat eers na sy dood verskyn het: *Eduard Muntingh Hamman, 'n biografiese skets* wat in 1981 opgeneem is, in dié uitgawe van *Skakelblad* wat aan prof Hamman gewy is. Wat hy daar van prof Hamman sê: "Ewige waardes was vir hom 'n leidende lig in sy lewe, het inhoud en betekenis daaraan gegee en hom in staat gestel om ook inhoud en betekenis aan die lewens van duisende ander te gee", is ook op hom van toepassing. Dan is daar die reeds genoemde *Tukkiesport 1930—1980*.

By sy uittrede uit die departement Geskiedenis is prof Pelzer vanaf 1971 aange-

stel as ere-professor in die departement en later telkens heraangestel tot 1982. As sodanig het hy enkele lesings in die departement gegee, maar hy het al minder kans daarvoor gekry. Die gevolg is dat hy met die aanstelling van 1977 gevra het om "liewer nie daarmee voort te gaan nie" want "ek moet beken dat my gewete my aankla dat ek die beperkte verpligtinge ... nie nakom nie". Prof Van Jaarsveld het egter daarop aangedring en hy het dit weer aanvaar met 'n noot van nostalgie in sy woorde. "Dit is vir my werklik rede tot groot dankbaarheid en vreugde om te weet dat ek na meer as ses jaar, nog welkom is in die geselskap van die Departement Geskiedenis".

Tuis het prof Pelzer hom omring met mooi meubels en boeke, 'n uitgebreide muntversameling en skilderye. By twee geleenthede het hy twee skilderye van hom laat waardeer, een van Pierneef en een van Maud Sumner. In sy tuin het hy graag seldsame inheemse bome aangeplant, onder andere broodbome wat hy met die nodige permit aangekoop het. Onder sy stukke is daar 'n plan van die tuin met aanduiding watter bome waar aangeplant is of aangeplant moes word.

Aan die einde van 1980 is van hom afskeid geneem as die eerste vise-rektor van die Universiteit van Pretoria. Hy is daarop van 1 Januarie 1981 af aangestel as senior navorser met as opdrag om die geskiedenis van die Universiteit van 1960 tot 1982 te skryf, dit wil sê die tweede deel van *Ad Destinatum*. Hy het die werk oorgeneem van mnr G Pool wat 'n geruime tyd reeds daarmee besig was toe hy 'n aanstelling aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar het. Hierdie werk het prof Pelzer met sy kenmerkende ywer aangepak, maar skaars tien maande later, op 15 Oktober 1981, is hy in sy slaap oorlede. "By die heengaan van hierdie geliefde universiteitsman en kollega ... hang die Universiteitsvlag halfmas", het die rektor by geleentheid van die begrafnis gesê.

"Ons kan nie anders", getuig prof Hamman verder, "dan om te sê dat hy 'n leiersfiguur was, 'n uitnemende voorbeeld van Afrikanerskap met onkreukbare integriteit en met 'n vaste getrouheid aan sy mense ... 'n beginselvaste mens met 'n aangename en spontane vriendelike geaardheid — altyd genaakbaar, altyd hulpvaardig vir andere se behoeftes, 'n beskeie mens, 'n gevoelige mens wat homself nooit op die voorgrond gedring het nie ... daarby is die omgang met hom so veraangenaam deur sy sprankelende humorsin. So het ek Attie Pelzer oor byna 39 jaar leer ken ... aan God is ons dankbaar vir sy lewe en eer ons sy nagedagtenis.".